# HOOFSTUK 5
# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsing samevattend bespreek. Die navorser maak ook gevolgtrekkings en aanbevelings wat waardevolle bydraes van die studie omsluit.

## 5.2 SAMEVATTING VAN DIE NAVORSING

### 5.2.1 Doel van die studie

Die uitgangspunt van hierdie studie was om die individuele simboliese betekenis tussen die belewing van emosie en die kleur wat die vyfjarige kind daaraan koppel, te ondersoek. Hierdie assosiasie is as uniek beskou en kan verskil van kind tot kind.

Die bevindinge van hierdie studie ondersteun hierdie uitgangspunt. Die assosiasie wat 'n kind vorm tussen emosie en kleur is uniek van aard en dit het verskil van kind tot kind.

#### 5.2.1.1 Doelstelling van die studie

Die doelstelling van hierdie studie was om die benuttingswaarde van kleur as hulpmiddel in die uitdrukking van emosie by die vyfjarige kind, te ondersoek.

Die navorser het hierdie doelstelling bereik deurdat die kleursirkels dit vir die kinders makliker gemaak het om te sê hoe hulle voel. Die kleursirkels het as projeksies gedien indien die kind skaam was om sy of haar emosies te noem. Dit was vir die kinders makliker om die emosie aan die kleurgesiggie toe te ken, voordat hy of sy dit self kon besit.

#### 5.2.1.2 Doelwitte van die studie

- Om 'n literatuurstudie te doen ten einde soveel as moontlik inligting te verkry oor emosies by die vyfjarige kind, kleur en Gestaltterapie.

Die navorser het ’n volledige literatuurstudie gedoen aangaande die emosies van die vyfjarige kind, kleur en Gestaltterapie. Dit is bespreek in hoofstuk 2. In hoofstuk 3 van die studie is die ontwikkelingsdinamika van die vyfjarige kind bespreek.

- Om kleur as hulpmiddel, soos deur die navorser benut, te gebruik in die identifisering van emosies by die vyfjarige kind, ten einde die druk van die verbalisering van die emosies te verminder.

Kleur is as hulpmiddel gebruik in die navorsingsproses om die identifisering van emosies by die vyfjarige kind te vergemaklik. Die navorser het gevind dat die vyfjarige kinders, wat betrokke was by die navorsing, ’n woordeskat van ongeveer vyf emosies getoon het. Die kleurgesiggies het die druk van die verbalisering van die emosies verminder.

- Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten einde ander persone in die professie toe te rus met die nodige inligting rakende die werk met die vyfjarige kind en sy emosies.

Hierdie studie lewer waardevolle bydraes in die begrip van die vyfjarige kind en sy emosies. Die gevolgtrekkings en aanbevelings van die navorser word onder punt 5.3 in hierdie hoofstuk bespreek.

## 5.3 GEVOLGTREKKINGS

Vanuit hierdie studie het die navorser tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- Vorige navorsing op die gebied van die emosies en kleur, het die assosiasies daarvan gekategoriseer en veralgemeen. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat elke individu, en in hierdie geval die vyfjarige kind, kleur op ’n unieke wyse ervaar. As gevolg hiervan koppel elke individu sy emosies aan ’n unieke kleur. Die navorser is van mening dat elke assosiasie wat die vyfjarige kind vorm met emosie en kleur, uniek van aard is en nie veralgemeen kan word nie.

- Die navorser het verder tot die gevolgtrekking gekom dat die vyfjarige kind oor 'n beperkte woordeskat beskik om sy emosies te verbaliseer. Vanuit hierdie studie het dit getoon dat die vyfjarige kind oor 'n woordeskat van vyf basiese emosies besit. Die kinders het die onderstaande emosies op die naam geken en geweet wat dit beteken:
  1. Gelukkig
  2. Bly
  3. Kwaad
  4. Hartseer
  5. Bang

- Die navorser is van mening dat 'n hulpmiddel van groot waarde is in die identifisering en erkenning van emosies by die vyfjarige kind. In hierdie studie was kleur die hulpmiddel en dit het goed gewerk. Deur van kleurgesiggies gebruik te maak, kon die kind 'n naam gee aan sy emosies. Dit het die terapeutiese intervensie met die kind vergemaklik. Kleur kan waardevol benut word as hulpmiddel.

- 'n Verdere gevolgtrekking deur die navorser is dat geen interpretasies gemaak kan word aangaande die kind se unieke ervaring van emosies en kleur nie. Die terapeut moet slegs werk met dit wat die kind haar gee.

- Die navorser het verder bevind dat verskeie faktore die assosiasie wat die kind maak met kleur en emosie, kan beïnvloed. Die onderstaande word as belangrik beskou om in ag te neem:
  1. Kultuur
  2. Vorige ervarings met kleure
  3. Kleurvoorkeur
  4. Die wye gemeenskaplike assosiasie met 'n spesifieke kleur
  5. Ouderdom

## 5.4 AANBEVELINGS

Die navorser beveel die volgende aan:

- Kleur is 'n waardevolle hulpmiddel in die identifisering van emosie by die vyfjarige kind. Die navorser is van mening dat kleur gebruik kan word by enige ouderdom kind en beveel dit aan.

- Die assosiasie tussen emosie en kleur is nie 'n konstante nie. Kinderterapeute moet die kind se unieke proses en ervaring met kleur eksploreer en weg beweeg van enige interpretasies. Aannames aangaande die kind se assosiasies tussen emosies en kleur, sal nie die deur tot toepaslike terapeutiese intervensie oopsluit nie.

- Verdere navorsing op die gebied van emosies en kleur kan baie waardevol wees in die werk met emosioneel beseerde kinders.

## 5.5 TEN SLOTTE

Hierdie studie het gepoog om die unieke assosiasie wat die vyfjarige kind vorm tussen emosies en kleur, te eksploreer. Die navorser het waardevolle bydraes gevind in die response van vyf gevallestudies. Hieruit kom sy tot die gevolgtrekking dat elke kind uniek is en dat sy assosiasie ook uniek van aard is. Geen respons mag of kan veralgemeen word nie en die unieke proses van elke kind moet ten alle tye in ag geneem word wanneer daar met kinders gewerk word.